# Tuistemaker, Kosmaker, Geldmaker, Babamaker, Kleremaker, Vredemaker.

# Hoekom nie besluitmaker nie?

AM-C 206876

'n Vrou hou die huis aan die gang, maar dit behoort gewoonlik aan 'n man. Sy kyk na die kinders. Maar dikwels besluit mans wanneer en hoeveel kinders sy mag hê. Selfs al werk sy, neem die meeste mans al die finansiële besluite.

Vroue het hulself bewys. Hulle wys gereeld hulle is meer verantwoordelik, betroubaar en eerlik as mans. Dis tyd dat dit erken work. Dis tyd vir haar om saam besluite te neem.

Dit was een van talle sake waarvan vroue ons vertel het tydens navorsing wat deur die Vrouekoalisie gelei is. Vroue Wil 'n ander soort lewe hê. Hulle wil hul bekwaamhede gebruik om die wêreld beter te maak.

Die samelewing moet verander sodat ons die struikelblokke wat vroue beperk, plat kan vee. Voordat elke vrou 'n verskil aan haar eie lewe kan maak, moet ons 'n grondwet kry wat ons fundamentele reg tot gelykheid erken. Eis regte vir jouself. Verander hoe jy jouself sien. Voed jou kinders - seuns en dogters - so op dat hulle die rol van vroue anders sien.

Die Vrouekoalisie se funksie is om vrouesake na te vors en 'n Handves van Vrouregte op te stel. Ons werk is amper klaar. Joune het so pas begin!

WNC

WOMEN'S NATIONAL COALITION

***WOMEN'S NATIONAL COALITION***